



Afrikaans 1 (Huistaal) – Graad 9

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood (sien voorbeeld 1 hieronder). Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (sien voorbeeld 2 hieronder).

Voorbeeld 1:-

4.	a	b	c	d
----	---	---	--------------	---

 Voorbeeld 2:-

4.	a	b	c	d
----	---	--------------	--------------	---

Lees die artikel onder en kies die korrekte antwoorde vir vrae 1 – 19.

Plastiek is die grootste probleem van oseaanbesoedeling. Die hoeveelheid plastiek in die oseane kan oor die volgende tien jaar verdriedubbel indien rommel nie beperk word nie, waarsku navorsers in 'n nuwe verslag.

Plastiek is slegs een van die uitdagings en die Stille Oseaan lei die ergste onder plastiek-besoedeling. In Suid-Afrika is rioolbesoedeling tans nasionaal 'n groot probleem en dit lei tot gesondheidsprobleme onder mense. Die hoeveelheid riool in rivierwater is kommerwekkend. Suid-Afrika is internasionaal 'n groot besoedelaar van oseaanwater. Suid-Afrika is nommer 11 op die lys van lande wat die kuswater met plastiek besoedel. Indonesië is die grootste plastiekbesoedelaar. In hierdie lande het die see-eende nie 'n kans op oorlewing nie.

8 miljoen ton plastiek word jaarliks in die see gestort. Plastiek hoort nie in die see nie. Die groot vraag wat almal vra is: "Hoe gaan ons mense leer om minder plastiek te gebruik?" Dit is moeilik om presies te bepaal waarvandaan besoedeling kom, maar die Verenigde Nasies doen internasionale navorsing en die WNNR doen Suid-Afrikaanse navorsing oor die huidige toestand van plastiek in ons waters. Moenie 'n robot wees nie. Jy het 'n hart. Doen self ook iets om die negatiewe effekte van besoedeling teen te werk.

Die vier D's
Herwin plastiekbottels in vier maklike stappe

1. Drink



2. Druk



3. Draai



4. Deur



Bron: www.plasticsinfo.co.za
THEUNS KRUGER, Grafika24

1. **Watter selfstandige naamwoord word van die werkwoord 'beperk' gevorm?**
(a) beperkery (b) perk
(c) perke (d) beperking

2. **Die meervoud van 'hoeveelheid' is**
(a) hoeveelheds. (b) hoeveelhede.
(c) hoeveelhede. (d) hoeveelhede.

3. **Die wisselvorm van 'plastiek' is**
(a) plastieke. (b) plasties.
(c) plastiekie. (d) plastic.

4. **Wat is die hoofsaak van 'Die Stille Oseaan' se eerste onder plastiek-besoedeling?**
(a) Vissing onder plastiekbesoedeling.
(b) Mense ly wanneer daar nie genoeg visse is om te eet nie.
(c) Die leug moet mense teen oseaanbesoedeling lei.
(d) Mense ly aan besoedelingverwante siektes.

5. **Wat is die enkelvoud van 'gesondheidsprobleme'?**
(a) gesondheidsprobleem
(b) gesondheidsprobleempie
(c) gesondheid probleem
(d) gesondheidprobleme

6. **'n Sinoniem vir 'hoeveelheid' is**
(a) tipes. (b) minimale.
(c) kwaliteit. (d) kwantiteit.

7. **Waar word 'kommerwekkend', korrek as twee woorde gebruik?**
(a) Dit sal baie kommer in die toekoms wekker.
(b) Die komkommer is wekkend.
(c) Dit wek kommer.
(d) Die wekkende kommer is te veel om te hanteer.

8. **Wat is die meervoud van 'riool'?**
(a) rirole (b) rioole (c) rioël (d) rioöle

9. **Wat noem ons 'n persoon wat in Indonesië woon?**
(a) Indoniër (b) Indonese (c) Indonesies (d) Indonesiër

10. **Wat is die rangtelwoord vir '11'?**
(a) elfte (b) elfde (c) elf (d) elvende



11. **Hoekom word daar 'n koppelteken in 'see-eende', gebruik?**
 (a) Omdat die samestelling met dié van 'n handelsmerk is.
 (b) Omdat daar nie 'n deelteken gebruik kan word nie.
 (c) A.g.v. samestellings wat met 'n afkorting gevorm is.
 (d) A.g.v. die opeenhoping van klinkers.

12. **Verklaar die gebruik van die deelteken in Indonesië.**
 (a) Om aan te dui dat twee vokale wat na mekaar volg nie as 'n diftong of langklank uitgespreek moet word nie, maar wel as twee verskillende klinkers.
 (b) Om klinkers in lang, oop lettergrepe se klank te rek.
 (c) 'n Opeenhoping van klinkers word verhoed.
 (d) Om twee verskillende klinkers as een uit te spreek.

13. **'Jaarliks' verwys na**
 (a) gedurende die jaar. (b) elke jaar. (c) in die jaar. (d) sommig jare.



14. **Skryf in die Indirekte Rede:**
Hulle vra: "Hoe gaan ons mense leer om minder plastiek te gebruik?"
 (a) Hulle vra of ons mense gaan leer om minder plastiek te gebruik.
 (b) Hulle vra of hoe ons mense gaan leer om minder plastiek te gebruik.
 (c) Hulle vra hoe ons mense gaan leer om minder plastiek te gebruik.
 (d) Hulle vra hoe ons mense om minder plastiek te gebruik gaan leer.



15. **Watter woord is 'n leenwoord?**
 (a) besoedeling (b) WNNR (c) presies (d) robot
16. **Waarvan is WNNR 'n voorbeeld?**
 (a) Onomatopoeë (b) Neologisme (c) Akroniem (d) Leenwoord
17. **Gee die byvoeglike naamwoord wat van die werkwoord 'herwin' gevorm kan word.**
 (a) herwinbaar (b) gewen (c) herwon (d) herwinning

18. **Gee die selfstandige naamwoord wat afgelei kan word van 'drink'.**
 (a) beskonke (b) drinkende (c) dronk (d) drank



19. **Gee die swak verlede deelwoord wat van 'draai' gevorm word in: 'Draai die plastiekbottel.'**
 (a) Draaiende (b) Gedraaide (c) Verdraaide (d) Draai

Lees die inligting en kyk na die prente en kies die korrekte antwoorde vir vrae 20 – 28.



'n Dolfyn in die Groot Plastieksee in die Stille Oseaan. Dolfyne word beslis deur plastiekbesoedeling benadeel en beïnvloed. Dolfyne, en veral die jong dolfyne, sal of vasgevang raak, of plastiek insluk en verstik. In beide gevalle sal die dolfyne uiteindelik sterf.

In sekere dele van die oseane hoop die plastiek op. Die seestrome laat die plastiek in die oseane vergader. Nog 'n probleem is mikroplastiek wat eilande vorm. Plastiek los nie op nie. Dit breek net in kleiner stukkie op.



'n Sterk afvalband het om die skilpad se dop beland toe die skilpad klein was. Dit het die vorming van sy dop en die oorlewingskans van die skilpad drasties verminder.

20. **Skryf in die bedrywende vorm: 'Dolfyne word beslis deur plastiekbesoedeling benadeel en beïnvloed.'**
 (a) Dolfyne is beslis deur plastiekbesoedeling benadeel en beïnvloed.
 (b) Dolfyne sal beslis deur plastiekbesoedeling benadeel en beïnvloed word.
 (c) Plastiekbesoedeling benadeel en beïnvloed dolfyne beslis.
 (d) Plastiekbesoedeling het dolfyne beslis benadeel en beïnvloed.

22. **Skryf die sin in die negatiewe vorm: 'Dolfyne sal of vasgevang raak, of plastiek insluk en verstik.'**
 (a) Dolfyne sal nie vasgevang raak of plastiek insluk en verstik nie.
 (b) Dolfyne sal nie of vasgevang raak, of plastiek insluk en verstik nie.
 (c) Dolfyne sal nóg vasgevang raak, nóg plastiek insluk en verstik nie.
 (d) Dolfyne sal nóg vasgevang raak, nóg plastiek insluk en verstik.

21. **Watter skryfteken word in 'beïnvloed' gebruik?**
 (a) aandagstrepies
 (b) kappie
 (c) opeenhoping van klinkers
 (d) deelteken

23. **Watter idioom beteken om 'dood te gaan'?**
 (a) Die lepel in die dak steek.
 (b) Aanstaltes maak.
 (c) Die aftog blaas.
 (d) Voor Baäl die knie buig.